Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086-133 3786
Faks 012 001 8787
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Stigtingsjaar 1909

VOORSTEL VIR LIDMAATSKAP VAN DIE S.A. AKADEMIE

(STRENG VERTROULIK)

VOORSKRIFTE

(a) Kandidate moet liefs nie genader word nie. Inligting moet so diskreet moontlik versamel word.
(b) Vorms moet volledig in tik- of drukskrif (swart ink) voltooi word.
(c) 'n Volledige curriculum vitae in Afrikaans en publikasielys moet aangeheg word.
(d) In gevalle waar kandidate nie gepubliseer het nie, word ekwivalente prestasies in aanmerking geneem, bv. opvoerings, uitvoerings en kunsuitstallings in die geval van die visuele en uitvoerende kunste.

VOORSTEL

Ek, die ondergetekende stel hiermee die volgende persoon voor om deur die Raad oorweeg te word vir lidmaatskap van die Akademie:

Prof./dr./ds./mnr./mev./mej. .....

1. **Naam van voorsteller** (blokletters): .....

   Adres van voorsteller : .....

   .....

   1.1 Hoe lank ken u die kandidaat?
   .....

   1.2 Hoe vertroud is u met die prestasies/loopbaan van die kandidaat?

.....

   1.3 Met inagneming van die vereistes vir lidmaatskap van die Akademie, kan u die kandidaat sonder voorbehoud aanbeveel?

.....

1.4 Kort motivering (minstens 100 woorde) waarom u die kandidaat aanbeveel (voeg aparte bladsy in indien spasie onvoldoende is)

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

1.5 Curriculum vitae (in Afrikaans) van kandidaat is aangeheg ☐ merk met X

1.6 Publikasielys van kandidaat is aangeheg ☐ merk met X

.....

Handtekening van voorsteller ……..

Tel.no. (.....) .....…….

Datum ..... E-posadres .....

2. **Naam van eerste sekondant** (blokletters) …….

……

Adres.....……..

.....……

.....…….

2.1 Hoe lank ken u die kandidaat? ……..

2.2 Hoe vertroud is u met die prestasies/loopbaan van die kandidaat?

.....

2.3 Met inagneming van die vereistes vir lidmaatskap van die Akademie, kan u die kandidaat sonder voorbehoud aanbeveel?

.....

Handtekening van eerste sekondant ……..

(Tel.no.: (……)……..)

3. **Naam van tweede sekondant** (blokletters) ……..

……

Adres.....……..

.....……

.....…….

3.1 Hoe lank ken u die kandidaat? ……

3.2 Hoe vertroud is u met die prestasies/loopbaan van die kandidaat?

.....

3.3 Met inagneming van die vereistes vir lidmaatskap van die Akademie, kan u die kandidaat sonder voorbehoud aanbeveel?

.....

.....

Handtekening van tweede sekondant ……..

(Tel.no.: (……)……)

4. **Besonderhede van kandidaat**

Titel: Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. .....

Voorname: .....

Van: .....

Geboortedatum: .....

Posadres: .....

.....

.....

Telefoonnommer (H) ..... (W) .....

Faksnommer ..... Selfoonnommer .....

E-posadres .....

Huidige betrekking .....

.....

Werkgewer .....

LIDMAATSKAP VAN DIE AKADEMIE

ALGEMEEN

Lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is oop vir alle persone met die nodige akademiese meriete. Lidmaatskap word bekom deur voorgestel en verkies te word volgens die voorgeskrewe prosedure. Besonderhede is op aanvraag by die Akademiekantoor beskikbaar.

A.1 VEREISTES VIR LIDMAATSKAP

(a) onderskrywing van die oogmerke van die Vereniging soos in die hoofdoelstelling bepaal;

(b) Suid-Afrikaanse burgerskap: Met dien verstande dat die Akademieraad in 'n uitsonderlike geval na goeddunke iemand wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, tot lid kan verkies;

(c) 'n hoë akademiese kwalifikasie of ander prestasie wat na die oordeel van die Akademieraad daarmee gelykgestel kan word; en

(d) werk van hoë gehalte as uitkoms van eie navorsing in skriftelike vorm of in die vorm van praktiese prestasie; of kunswerk of kulturele of opvoedkundige werk van hoë gehalte.

(e) Voorstelling van nuwe lede geskied op 'n deur die raad voorgeskrewe vorm, gesteun deur drie lede van die fakulteit ten opsigte waarvan die persoon voorgestel word.

(f) Die voorstel word deeglik gemotiveer en die persoon se werk of prestasie volledig aangegee met 'n aanduiding van die gehalte en omvang daarvan.

(g) Die Akademieraad verkies 'n voorgestelde persoon na goeddunke tot lid.

A.2 BEEïNDIGING VAN LIDMAATSKAP

'n Lid se lidmaatskap word beeïndig wanneer:

(a) 'n Lid afsterf;

(b) 'n Lid krank- of swaksinnig word;

(c) Uittrede uit die Vereniging deur een (1) maand skriftelike kennisgewing aan die Vereniging van 'n lid se voorneme om as sodanig te doen, en by verstryking van sodanige kennisgewing sal gemelde lid se lidmaatskap beëindig wees.

(d) 'n Lid meer as twee jaar agterstallig is met sy jaarlikse ledegeld, maar hy kan aansoek doen om herstel van lidmaatskap by betaling van die agterstallige jaargelde en van alle ander gelde wat hy aan die Vereniging verskuldig mag wees.

(e) Die Akademieraad kan na goeddunke die lidmaatskap van 'n lid beëindig as hy na die oordeel van die Akademieraad die aansien van die Vereniging geskaad het, mits hy eers 'n geleentheid gekry het om hom te verdedig, waarvoor 'n skriftelike antwoord op die hooftrekke van die klagtes teen hom voldoende is.

(f) By verval of beëindiging van lidmaatskap kan so iemand se lidmaatskapsoorkonde deur die Akademieraad opgeëis word.

A.3 LEDE

A.3.1 'n Potensiële lid vanuit die Kuns- en Geesteswetenskappe, moet

(a) oor 'n universiteitsgraad of grade (***of*** gelykstaande kwalifikasies) wat minstens vyf jaar studie vereis beskik, asook 'n verantwoordelike betrekking in die eie vakgebied beklee of 'n posisie wat kulturele of geesteswetenskaplike arbeid meebring, met dien verstande dat 'n graad of betrekking nie noodsaaklik is in die geval van 'n persoon wat werk van hoogstaande gehalte gelewer het, soos behoorlik in 'n stawende dokument gemotiveer;

(b) gedurende die afgelope vyf jaar wetenskaplik produktief gewees het soos deur ewekniebeoordeling gestaaf, in gevalle waar hierdie bepaling van toepassing is;

(c) eweknie-erkenning op die vakgebied of werkterrein geniet;

(d) in die geval van kandidate uit die visuele kunste (waar tegniese en akademiese opleiding nie 'n vereiste is nie), een of meer van die volgende gedoen of bereik het:

- 'n solo-uitstalling gehou het
- 'n opdragwerk vir 'n groot gebou voltooi het
- van sy/haar werke in 'n openbare versameling opgeneem gekry het
- aansien geniet onder mede-kunstenaars op hulle spesifieke terrein.

A.3.2 'n Potensiële lid uit die Natuurwetenskappe en die Tegnologie, moet

(a) oor 'n universiteitsgraad of grade (of gelykstaande kwalifikasies) wat minstens vyf jaar studie vereis beskik, asook 'n verantwoordelike betrekking in die eie vakgebied beklee met dien verstande dat 'n graad of betrekking nie noodsaaklik is in die geval van 'n persoon wat werk van 'n hoogstaande gehalte gelewer het, soos behoorlik in 'n stawende dokument gemotiveer;

(b) gedurende die afgelope vyf jaar wetenskaplik produktief gewees het soos deur ewekniebeoordeling gestaaf, in gevalle waar hierdie bepaling van toepassing is;

(c) blyke van eie prestasie en bydrae op natuurwetenskaplike, tegnologiese of opvoedkundige gebied gelewer het.

A.3.3 Ledegeld word deur die Akademieraad vasgestel en is jaarliks betaalbaar.

A.4 ERELEDE

A.4.1 Die Akademieraad kan 'n persoon tot erelid van die Akademie verkies ter erkenning van buitengewone dienste aan Suid-Afrika, aan die Afrikaanse taal, of aan die Akademie in die besonder.

A.4.2 'n Persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, kom ook hiervoor in aanmerking.

A.4.3 'n Persoon wat nie voorheen lid van die Akademie was nie en dan tot erelid verkies word, betaal geen jaargeld nie, maar is geregtig op publikasies waarvoor gewone lede nie ekstra betaal nie.

A.4.4 Vir 'n persoon wat lid van die Akademie is en dan tot erelid verkies word, geld die volgende:

So 'n persoon behou die regte en voorregte wat hy/sy gehad het, maar betaal geen ledegeld nie en is nie meer verkiesbaar in die Akademieraad nie; met dien verstande dat wanneer 'n lid van die Raad tot erelid verkies word, die lid sy/haar termyn in die Raad kan uitdien.

A.5 RUSTENDE LEDE

A.5.1 'n Lid wat die ouderdom van vyf-en-sestig jaar bereik, kan by die Akademieraad aansoek doen om as Rustende lid geklassifiseer te word.

A.5.2 Rustende lede betaal ledegeld wat gelyk is aan 25% van dié wat gewone lede betaal.

A.5.3 Rustende lede ontvang die nuusbrief asook uitnodigings na ander byeenkomste en vergaderings van die Akademie, en kan afsonderlik inteken op een of meer van die tydskrifte deur die Akademie uitgegee.

A.5.4 Rustende lede is nie stemgeregtig nie.

A.6 KORRESPONDERENDE LEDE

A.6.1 Die Akademieraad kan na goeddunke besluit om korresponderende lidmaatskap aan te bied aan akademici in die buiteland wat

(a) hoë akademiese aansien in hulle eie land geniet;

(b) die oogmerke van hierdie Akademie onderskryf, en

(c) goeie betrekkings met Suid-Afrika voorstaan.

A.6.2 Die voorstelling van so 'n lid geskied skriftelik en moet deeglik gemotiveer en die persoon se werk of prestasie volledig aangegee word met 'n aanduiding van die gehalte en omvang daarvan.

A.6.3 Korresponderende lede is nie stemgeregtig nie.

A.6.4 Korresponderende lede betaal geen ledegeld nie.

A.7 ASSOSIAATLEDE

A.7.1 'n Persoon wat die doelstellings van die Akademie onderskryf, en wat oor ten minste 'n vierjarige naskoolse kwalifikasie beskik, kan as assosiaatlid voorgestel word.

A.7.2 Assosiaatlede betaal ledegeld wat gelyk is aan 40% van dié wat gewone lede betaal.

A.7.3 Assosiaatlede ontvang die nuusbrief asook uitnodigings na ander byeenkomste en vergaderings van die Akademie, en kan afsonderlik inteken op een of meer tydskrifte deur die Akademie uitgegee.

A.7.4 Assosiaatlede is stemgeregtig op die vlak van die werkgemeenskap/ afdeling.

A.7.5 Assosiaatlede kan op 'n later stadium as volle lede van die Akademie voorgestel word.

Maart 2015